

Sing vooraf staande: Psalm 119:10 (p. 588)

- 10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde^{en} lof verklank!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 103:9 (p. 506)

Wet

Psalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade^{en} goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Gebed.

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**

Vergifnis:

- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 89:12 (p. 447)

- 12 Ek sal sy nageslag en troon nooit laat vergaan, / sy heerskappy laat duur so lank die hemel staan.
Maar wil sy kinders nie my wette onderhou nie, / bly hul aan my bevel en regte nie getrou nie,
maar dwaal hul verder af in hul onheil'ge weë – / Dan kom my tugtiging op sondaarspad hul teë.

Skriflesing: 2 Samuel 6

Teks: 2 Samuel 6:8

**. . . en Dawid het ontroerd geword, omdat die HERE 'n skeur aan Ussa geskeur
het. Daarom het hy daardie plek genoem Peres-Ussa tot vandag toe. (2 Samuel
6:8 AFR1953)**

Die gebeurtenis kon net sowel enigeen van ons oorgekom het.

- Ons pak ook dikwels in die grootste goedertrou en met die mooiste voornemens denkbaar 'n saak aan, en dan doen ons daarmee meer kwaad as goed.
- Dit gebeur omdat ons dikwels nie deeglik besin oor die beginsels waaroor dit in ons saak gaan nie.

Kom ons kyk in hierdie preek na die volgende sake wat die betekenis van hierdie gebeurtenis vir ons kan verduidelik:

1. Die agtergrond van die gebeurtenis

2. Die gevolge van Dawid se ondeursigte optrede

1. Die agtergrond van die gebeurtenis

In die tyd van hierdie stukkie geskiedenis was Jerusalem die hoofstad van Dawid se ryk.

- Dit was so in hierdie vroeë geskiedenis dat die aansien van die hoofstad ook die aansien van die koning bepaal het.
- Daarom het Dawid, nadat hy koning geword het, dadelik met sy ses vrouens en hulle seuns na Jerusalem toe getrek en daar gaan woon.

Met dié dat die koning nou ook in hierdie stad kom woon het, het die stad se aansien al heelwat gestyg.

- Maar koning Dawid se beplanning vir die aansien van hierdie stad was nog veel groter.
- Hy het 'n geweldige staatsadministrasie ontwerp, en al die staatsmanne wat hy aangewys het, het in Jerusalem kom bly.
- Uiteindelik was Jerusalem 'n voortreflike stad.

Maar daar het iets belangriks ontbreek.

- Dawid het dit aangevoel dat Jerusalem nou al sy administratiewe hoofstad is, maar die godsdienkant het nog kortgekom.
- Hulle was tog by uitstek die Godsvolk van destyds, maar met die feeste het hulle nie Jerusalem toe gekom nie, want elke plek het sy eie tempel gehad.
- Die belangrikste was dat die ark nie in Jerusalem was nie.
 - In hierdie tyd was die ark die simbool van God se teenwoordigheid.
 - Die eer van Jerusalem sou nou soveel meer verhoog word as God self ook daar kom bly.
 - Dit was dus voor die hand liggend dat Dawid die ark ook na Jerusalem toe moes bring.

Tot op hierdie datum was die ark in die huis van die priester Abinadab.

- Hy het op 'n heuwel by Kirjat-Jearim gebly. Dit was nie ver van Jerusalem af nie, so omtrent 20 kilometer.
- Tog kon Dawid en sy gevolg nie hierdie kort distansie in een rit aflê toe hulle die ark gaan haal het nie.

Hulle moes twee geleenthede gebruik om die ark van die Here oor hierdie 20 kilometer na Jerusalem te vervoer.

Al het Dawid alles so goed bedoel, het hy tog sekere belangrike foute gemaak.

- Ongelukkig kan 'n mens se lewe en jou beplanning nie net gemeet word aan jou gesindheid nie.
- Dit word ook gemeet aan die pynlike korrektheid waarmee jy optree teenoor God en jou medemens.

So was dit ook hier. Die ark kon nie sommer maar net op enige manier vervoer word nie.

- Die Here het bepaalde wette en voorskrifte gegee oor hoe die ark vervoer moet word.
- Die priesters moes dit met draaghoute dra – want daarmee word gesimboliseer dat God se kerk deur mense wat Hy roep, in stand gehou moet word in die wêreld!
- So is die ark byvoorbeeld al die jare deur die woestyn vervoer.

Dawid verontagsaam al hierdie voorskrifte.

- Die voorbereidings wat hy tref, is al verkeerd. Hy en sy militêre offisiere maak asof dit 'n militêre aangeleentheid is.

- Hulle vervoer die ark op 'n nuwe wa. Dit klink baie verdienstelik, maar dit is 'n daad vol bygeloof.
 - Die Filistyne het altyd hulle krygstoerusting op 'n nuwe wa vervoer. Juis sodat hulle gode hulle in die oorlog moes seën en omdat hulle soveel moeite met hulle wapens doen.
 - En nou maak die Israëliete met hulle God soos wat die Filistyne met hulle afgode doen.
- Die ark is die simbool van God se eiendom op die aarde. Daarom is daar twee gerubs op die deksel van die ark.
 - Die gerubs stel die engele voor wat oorlog maak. Hulle staan juis met uitgespreide vlerke oor die ark om simbolies daarmee aan te toon dat hulle opdrag het om God se eiendom te bewaak.
 - Dit is ook waarom die deksel van die ark die *versoendeksel* genoem word. Op die deksel word daar tydens offers bloed van versoening gesprinkel – om aan te toon dat die kerk deur die bloed van die volmaakte offer van die Messias met God versoen is.

Terug na Dawid toe. Hulle maak spesiaal 'n nuwe wa om die ark mee te vervoer.

- Kyk na die beginsel: Hulle wil met God en sy Kerk werk soos wat die heidene met die afgode werk.
- Kyk weer na die beginsel: Die heidene maak godsdiens onpersoonlik.
 - Die feit dat hulle hulle afgode op 'n wa laai, beteken dat daar nie persoonlike aanbidding en persoonlike diens aan hulle gode is nie.
 - Toe die ark op die wa gelaai is, het presies dieselfde gebeur!

Osse word voor hierdie wa gespan, en die optog begin beweeg na Jerusalem toe. Let presies op na die posisie wat die priesters inneem, want dit was waaroor die Here veral kwaad geword het!

- Agjo die een priester, is die touleier.
 - Hy stap voor die osse uit.
- Ussa, die ander priester,
 - loop langs die wa om te keer as die ark dalk iets mag oorkom.

2. Die gevolge van Dawid se ondeursigte optrede

Die hele optog begin as een groot fees. Daar is volop musiek. Almal loop en dans van blydschap

- omdat die ark van die Here nou uiteindelik na Jerusalem toe kom.
- Hulle blydschap is nie om God te aanbid en te verheerlik nie!

Sien u hoe alles daar gebeur? 'n Nuwe wa, osse, sang en musiek – alles is so goed bedoel, maar nie volgens die wil van God nie!

By die dorsvloer van Nagon, wat ook teen die steilte lê, het die osse gestruik op die skuins en gladde vloer.

- Ussa het sy hand uitgesteek om te keer dat die ark nie afval nie.
- MAAR op hierdie oomblik het die onwettigheid sy hoogtepunt bereik. God se toorn het ontvlam, en Hy tref Ussa, sodat hy net daar sterf.

Dadelik word die skare en hulle koning tot besinning geruk.

- Iets moet verkeerd wees.
- Dawid besef meteens dat hy die heiligheid van die Here vergeet het.
- Dadelik is hy onder die diepe besef daarvan. Ontroerd sê hy: “Hoe kan die ark van die Here na my toe kom?”

Dawid en sy priesters was met 'n geloofsaak soos hierdie uiters onverskillig.

- Ussa en Agjo het by die ark grootgeword.
- Hulle was Leviëte wat presies moes geweet het wat hulle met die ark moes doen en wat nie.
- Hulle moes geweet het dat daar in Numeri 4:14 geskrywe was dat hulle nie eers die ark mag aangeraak het nie.
- Dit is die rede waarom Ussa sterf toe hy sy hand na die ark toe uitgesteek het en dit vashou.

Hulle het in hierdie tyd reeds die boeke van Numeri en Deuteronomium gehad waarin al die voorskrifte omtrent die ark baie duidelik beskryf is. Daar is onder andere beskryf dat die priesters die ark met draaghoute moes dra. Dit was 'n fout om die ark op 'n wa te laai.

Sielkundig kan ons begryp waarom Dawid dadelik so bevrees geword het.

- Hy is gelukkig verstandig genoeg om te besef dat hy nie met die verkeerde moet voortgaan nie.
- Hy besef onmiddellik dat God net op een manier gedien kan word, en dit is op die regte manier soos die Here dit self verlang.
- Anders word die heiligheid van God gekrenk.

Diep geskok, teleurgesteld, ontmoedig en bevrees staan Dawid daar. Baie bang dat hy die Here verder kan vertoorn. Dan besluit hy om die ark liever by Obed-Edom te laat bly.

- Dit is baie eienaardig dat Dawid so iets doen, want Obed-Edom was nie 'n Israeliet nie.
- Hy was 'n Filistyn uit Gat! Hy kom van dieselfde plek af as Goliat.
 - Waarskynlik het Dawid die man goed geken en geweet dat hy betroubaar is.
 - Miskien was hy selfs een van die Filistyne wat in Dawid se persoonlike diens was, waarvan ons lees in 2 Samuel 8:18.

Obed-Edom word nou in elk geval ryklik geseën deur die Here.

- Mettertyd het Dawid se bygelowige vrees dat die ark onheil bring, verdwyn.
- Hy het weer begin planne maak om die ark in Jerusalem te kry.

Maar intussen het daar 'n belangrike wending gekom.

- Dawid het intussen die wetsvoorskrifte van die Here gaan bestudeer.
- Want die tweede keer doen hy alles reg.
 - Die keer dra die Leviëte die ark.
 - Hierdie keer kan mens die godsdienstige stemming aanvoel, want toe die priesters ses treë geloop het, het Dawid 'n bees en 'n vetgemaakte kalf geoffer.
- Hierdie keer se optrede word daardeur gekenmerk dat Dawid hierdie saak vir die Here doen.
- Dit gaan hierdie keer nie meer om wat die koning vir homself wil doen, en hoe hy sy voortreflike stad wil bou nie.

Daar is 'n duidelike boodskap in die Bybelgedeelte – veral met die oog daarop dat ons die Here telkens in die eredienste wil ontmoet.

- Dit leer ons dat die Here bepaalde maniere voorskryf waarop ons Hom moet dien.
- En dan raak die Here vertoorn as ons 'n eiewillige rigting inslaan met ons godsdienste. Selfs as ons dinge met die beste moontlike bedoelings aanpak, maar op so 'n wyse dat die mens meer as God daarby baat vind. Soos Dawid.

Dawid het so saam met die Filistyne gelewe, en hy het so gewoon geraak aan alles wat hulle gedoen het dat hy later niks verkeerd daarin kon sien nie. Só erg, dat hy later selfs bereid is om met hierdie heidense maniere sy God te dien.

Maar daar is altyd bekering moontlik.

- Die werk van die Heilige Gees is juis om in ons harte ware geloof te vestig deur ons hande te vat in ons bekeringslewe.
- Ons sien dit ook by Dawid. Hy besef dadelik sy oortreding. Wanneer hy weer die ark kom haal, het die werk van die Heilige Gees hom ryp gemaak om sy God reg te dien.
- Dawid is gereed om hom gewillig aan die diens van sy God te onderwerp.

Presies so werk God met ons in ons lewens ook.

- God die Vader het tog die Bybel aan ons gegee
 - om dit te bestudeer,
 - en daaruit te leer wat God werklik van ons vra –
 - hoe ons suiwer moet lewe, en
 - hoe ons aanbidding vir God aangenaam is.

Tog lewe ons maar elke dag voort in 'n Dawidsbestaan.

- Ons is so vol planne om God te dien. En om ons lewe te verbeter.
- En telkens ontwikkel dit in 'n reeks wêreldlike handeling waarin God dan nie behoorlik gedien word nie.
- Ons gaan nie altyd graag kerk toe nie, want sommiges redeneer dat ons die Here net so goed tuis kan dien.
- Maar wat word dan van die eis om met God gemeenskap te beoefen en met ons medeheiliges? God is nie so daarmee tevrede nie.

Hoe dikwels verwater ons 'n beginsel tot voordeel van onself:

- Dan maak ons van ons aanbidding van God inderwaarheid 'n kultus op 'n nuwe wa – weg van die werklike beginsel wat die Here stel.
- Dit is ook so met al die verkeerde dinge waarmee ons saamleef. Baie dinge wat werklik verkeerd is, word so deel van ons lewe en opvoeding, dat ons later oog verloor vir die kwaad wat daarin verskuil lê.

Is dit nie so dat ons dalk diep ondersoek by onself sal moet instel nie?

- Moet ons dalk baie van ons minder godsdienstige sedes sien as invloed van die kwaad – en dan ook daadwerklik daarvan afsien, soos Dawid met die tweede poging om die ark te gaan haal?
- Die kwaad om vir ons eie eer te lewe en te werk – meer as vir dié van God is seker iets wat elkeen van ons by homself moet ondersoek.

Baie van ons idees met goeie bedoelings is vanuit 'n Bybelse oogpunt gesien dieselfde soos die nuwe wa, en die musiek en die sang. Mooi, en vrolik, maar tot oneer van God!

Maar ons het baie genade van God ontvang. God het goed geweet dat ek in my menslikheid hom nie behoorlik kan dien nie. Ook dat dit waarvoor ek lus het, dikwels van die regte mag verskil. Daarom word Christus gestuur.

Jesus het van Dawid en van ons verskil.

- Sy diens aan God was volmaak. Presies. Volkome.
- Hy het alles gedoen volgens die wil van God die Vader.
- Nie vir Homself nie, want Hy het dit nie nodig gehad nie. Hy het vir my die Here kom dien, sodat ek in sy volmaakte diens in die hemel kan lewe.
- Hy was so nougeset dat Hy met bloedsweet op sy gesig die dood en marteling aanvaar – omdat God die Vader dit van Hom wil hê.

Juis hierdeur word ons verantwoordelikheid ook verswaar.

- Ons lewe moet duidelike bewys lewer dat ons hierdie dienswerk van Christus waardig is.
- En ook dat ons pligsgetrou aan sy eise gehoorsaam is.
- Ons moet openlik van enige geloofsroekeloosheid afstand doen.

Bid ook elke oomblik vir die genade om reg te verstaan wat die Here van ons vra.

- En ook vir die krag en die moed om dit dan uit te voer.
 - Anders wag daar moontlik vir ons 'n Peres-Ussa, waar ons met die naakte toorn van God te doen kry omdat ons traak-my-nie-agtig geword het, en eintlik nie meer 'n ware godsdiens beoefen nie.
- Soms is ons ook so ellendig blind vir ons sondes dat ons dadelik kwaad is as iemand met ons daaroor praat.
 - Miskien is dit omdat ons eie trots so groot is dat ons meen dat ons nie 'n fout kan maak nie – soos Dawid met sy nuwe wa!

Dawid het ook gedink almal voor hom was maar net engsiende of bekrompe, en hy was ook seker dat sy nuwe wa vir die Here mooi sou wees!

Gemeente, kom ons almal vra en soek in ons hele lewe na die beginsels van die Bybel.

- En ons doen nie sommer net dinge wat sal mooi wees net vir hierdie lewe nie.
- Vra ook soos Dawid: Hoe kan die Here by MY kom? Want daar mag 'n verskil wees tussen wat mooi is en wat reg is.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 100:1 (p. 494)

- 1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydschap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Oktober 2010